Verwysing: 20200619-6584
Lêerno.: 5/1/7/4
Navrae: JT Solomons

Omsendbrief: 0043/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Amptenare by Hoofkantoor en distrikskantore

Kort opsomming: *Om amptenare wat staatsvoertuie (GG-voertuie) gebruik, in te lig oor die vereiste om 'n voltooide bestuurderbesonderhede- en verifikasievorm, asook duidelike, gewaarmerkte afskrifte van hulle geldige bestuurslisensies, identifiteitsdokument en bewys van woonplek, voor te lê.*

Onderwerp: Voltooiing en voorlegging van die bestuurderbesonderhede- en verifikasievorm en ondersteunende dokumente vir gebruikers van staatsvoertuie (GG-voertuie)

1. Hierdie omsendbrief is hersien, en herroep en vervang Omsendbrief 0020/2015 van 10 April 2015 in die geheel.

2. Die doel van hierdie omsendbrief is om amptenare wat GG-voertuie moet gebruik, in te lig dat Staatsmotorvervoer (SMV) besig is om die omvattende besonderhede van alle bestuurders van GG-voertuie te bekom vir die vestiging en instandhouding van 'n databasis vir bestuurders op iFleetman (voertuigvlootbestuurstelsel), vir die heradressering van verkeersoortredingskennisgewings aan die korrekte amptenaar en vir die uitreiking van individuele bestuurderplaatjies (oranje VDO-plaatjies) aan amptenare aan wie GG-voertuie toegewys is.

3. Die Wet op die Administratiewe Beregtiging van Padverkeersmisdrywe, 1998 (Wet 46 van 1998), soos gewysig, plaas 'n groot verantwoordelikheid op voertuigvlootoperateurs om akkurate inligting oor bestuurders te verkry, veral ten opsigte van die hangende implementering van die nuwe strafpuntstelsel, wat gemik is op bestuurders wat verkeersoortredings begaan. Dit kan uiteindelik beteken dat 'n bestuurslisensie opgeskort of herroep word. Amptenare met opgeskorte of herroepte bestuurslisensies sal nie magtiging kry om GG-voertuie te bestuur nie.

4. Verantwoordelikheidsbestuurders en kantoorhoofde en afdelings word dus versoek om toe te sien dat alle beamptes wat GG-voertuie gebruik, die aangehegte bestuurderbesonderhede- en verifikasievorm voltooi en dit saam met die ondersteunende dokumente, soos aangevra in die vorm, aan die Wes-Kaap Onderwysdepartement se Hoofkantoor (vir aandag: Me. F Abdou, Kamer 2-07) stuur.

5. Slegs duidelike, gewaarmerkte afskrifte van die identifiteitsdokument en bestuurslisensie, asook bewys van huisadres (nie ouer as drie maande nie), sal aanvaar word.

6. Amptenare word versoek om duidelike, geskandeerde kleurdokumente in 'n saamgeperste TIFF- of PDF-formaat per e-pos te stuur. U word daaraan herinner dat die grootte van 'n lêer wat aan 'n e-posboodskap geheg kan word, nie 50 000 KB (5 MB) mag oorskry nie.

7. By verstryking van 'n amptenaar se bestuurslisensie moet 'n afskrif van die hernude bestuurslisensiekaart/tydelike bestuurslisensie aan die vervoeramptenaar voorgelê word om die databasis vir bestuurders by SMV by te werk.

8. Amptenare wat versuim om hulle vorms in te dien of wat nie op die iFleetman-stelsel geregistreer is nie, sal nie magtiging kry om GG-voertuie te bestuur nie. Die iFleetman-stelsel sal nie vervoeramptenare toelaat om GG-voertuie aan amptenare uit te reik as hulle nie op die stelsel geregistreer is nie.

9. Daar kan vir verdere inligting met enige van die volgende amptenare by Hoofkantoor in verbinding getree word:

Mev. F Abdou	Telefoonno. 021 467 2811
Mev. C Albertus	Telefoonno. 021 467 2794
Me. V Ntshinga	Telefoonno. 021 467 2808
Me. A Gana	Telefoonno. 021 467 2715

10. Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder die aandag van alle betrokkenes gebring word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-10-26